BIDDAG VIR EKOLOGIE 2018
Tema: Om kaalvoet te loop (Lev 25:1-10)

Eksegetiese opmerkings

- Die aard van Levitikus as ’n boek van rituele vra vir ’n ander benadering as die klassieke histories-kritiese benadering. Dit gaan ons minder baat om te probeer ekstrapoleer hoe en waar hierdie tekste geskryf en hoe die rituele toegepas is (of nie).
- Die teologie van Levitikus lê in die rituele self – dit is gelaai met betekenis.
- ’n Ontleding van die ritueel ontbloot die wêreldbeeld daaragter en die teologiese redes vir die ritueel – so word die hart van die teks ontbloot.
- Levitikus se teologiese temas word gevorm deur ’n paar belangrike vertrekpunte:
    - God het die wêreld gemaak om volgens natuurlike ritmes en volgens ’n sekere orde te werk, wat “baie goed” is.
    - Die ritmes en orde werk goed solank sekere grense en beginsels gehandhaaf word. Die rituele in Levitikus is sigbare herinneringe aan hierdie grense en beginsels.
    - Dit is egter ook meer as net herinneringe – dit is ’n bevestiging van hoe dit behoort te wees.

Votum (Psalm 8) en seëngroet

Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! Kinders en suigelinge besing die magtige werk wat U tot stand gebring het. So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges tot swye gebring. As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U ’n plek gegee het, wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? U het hom net ’n bietjie minder as ’n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon, U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp: Skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld, die voëls in die lug, en visse, wat die oseane deurkruis. Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde.
Ons Skepper-God groet u vanmore: Genade en vrede vir u van ons drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees. Amen.

Antwoord op seëngroet: Liedboek 519:1, 4 (“Wees stil en weet”)

Inleiding

Wanneer ons met mense werk, moet ons ligloop met ons woorde. Amanda Strydom sing ’n lied wat die krag van kwetsende woorde goed uitbeeld:

Stadig oor die klippers met die sweep wat klap
dis ’n weerlose siel waarop jy nou trap
stadig met die angel
stadig met die gif
kierankies brand uit
en die melk gaan skif

Wanneer ons met mense werk, moet ons saggies trap. Ons moet ons skoene uittrek, want as ons kaalvoet loop, trap ons versigtig, en stadig.

Met Skeppingsondag kan ons tereg vra: Is dit net geldig vir wanneer ons met mense werk? Nee. Dit geld ook vir hoe ons met ons omgewing werk. Ons moet kaalvoet loop in die wêreld.

Ons lees in Levitikus dat God eintlik al lankal wou hê dat mense kaalvoet moet loop. Levitikus is soms ’n moeilike boek om te verstaan. Al het dit eers later in die ballingskap lyf gekry, is dit só geskryf dat dit lyk of God vir Moses ’n klomp bevele by Sinai gee. Dit is asof Levitikus daarmee wil sê: Dít is hoe kinders van God moet leef as julle in die Beloofde Land aankom. Godsdiens is om die regte ding te doen. En as dit by die grond kom, die land waarin julle gaan woon, moet julle kaalvoet loop.

Levitikus is ’n boek wat geskryf is om mense te leer dat godsdiens nie verwyder kan of hoef te word van die lewe nie. Ons kry ’n klomp wette in Levitikus, ja, maar dit is om vir mense te leer: Só leef kinders van God. En in Levitikus kry ons ’n mooi hoofstuk oor hoe die mense met die grond moes omgaan wanneer hulle in die Beloofde Land sou aankom, hoe hulle na die land moes omsien. Ons sal sien dat Levitikus 25 mense wou leer om kaalvoet te loop op die grond.

Skriflesing: Levitikus 25:1-10

Kaalvoet loop … is om te voel waarop jy loop

“Ses jaar kan julle saai en wingerde snoei en die opbrengs oes, maar die sewende jaar moet daar vir die land ’n rustyd wees.” Ons ken die sabbatsgebod wat sê ses dae moet ons werk en die sewende dag moet ons rus. Hieragter sit die beginsel dat dit nie goed is om die hele tyd te werk nie, dat mens en dier ’n ruskans nodig het. Dat ’n mens beter werk as jy soms rus. Lees ons Eksodus 20, sien ons dat hierdie beginsel vir diere en mense geld. Is dit nie mooi dat Levitikus 25 ons herinner dat die grond ook behoefte het aan rus nie? Dat mense lankal weet wat ons blykbaar vergeet het: Jy kan nie aanhou uithaal en uithaal sonder om terug te sit nie. Ons kan nie aanhou en aanhou verbruik en gebruik asof die aarde ’n onuitputlike bron is nie. God vra van sy mense verantwoordelikheid. Kaalvoetmense leef in voeling met die grond en die omgewing en weet wat nodig is om dit te beskerm.

Daarom kry ons die beginsel van die hersteljaar, wat sê daar kom ’n tyd wanneer almal weer die kans gegee word om by nul te begin.

Kaalvoet loop … is om te weet jy loop op geleende grond

Vers 23 sê: “Geen grond mag permanent verkoop word nie, want die land behoort aan My.” Julle is bywoners, julle leen dit by My. Kaalvoetmense weet hulle besit nie die aarde nie; dit is nie hulle s’n om mee te mors of op te gebruik nie. Mense moet weet hulle werk met geleende goed en moet dit daarom oppas. Ons weet hoe ons voel wanneer ons vir iemand iets leen en hulle pas dit nie mooi op nie.

Waarom lyk dit asof ons so maklik vergeet? Waarom leef ons asof ons dink die skepping is ons s’n? Op ’n manier hoef ons nie sleg te voel nie, want dis nie asof die Israeliete hierdie beginsels ooit reggekry het nie. Die reëls het op papier gestaan, maar hulle kon dit nie in die lewe laat werk nie. Daarvoor was mense te gulsig, te gierig, te onsensitief.

Vir ons lewe vandag is dit nie so maklik om kaalvoet te loop nie. Dis vir ons soms moeilik om dinge stadiger te vat. Omdat ons voete sensitief is, hou ons nie daarvan om kaalvoet te loop nie. Ons voel waar ons trap. Ons is meer weerloos, meer blootgestel. Ons word gedwing om te kyk waar ons loop, hoe ons loop. Maar dis juis wat God van ons as sy kinders vra. Om sensitief te wees vir mense se gevoelens, en sensitief vir die invloed wat ons op ons

omgewing het. Om te onthou dat ons met geleende goed werk, dat ons verantwoordelik daarmee moet omgaan, dat ons nie moet mors nie, dat ons nie meer moet gebruik as wat ons nodig het nie, dat ons stadiger, eenvoudiger moet leef.

Dit is so dat daar baie dinge met die natuur gebeur wat buite ons invloedsfeer en beheer is. Dink aan die besoedeling deur myne en hidrobreking in die Karoo. Maar kaalvoetmense weet dat hulle spore los. En ons word geroep om na te dink oor die spore wat ons nalaat. Is ons spore groter as wat dit hoef te wees? Gebruik ons meer as wat ons hoef te gebruik?

Hierdie week word ons uitgenooi om te dink oor hoe ons leef, die energie wat ons gebruik, die water wat ons mors, die rommel wat ons genereer, waar ons ons rommel strooi. Kom ons dink na oor die spore wat ons loop. Kom ons loop sensitief.

Minderbroederlied
kaalvoet stap is versigtig trap
die tone ontbloot
die sool ongepantser
die aarde is joune
en die volheid daarvan
haar stof en haar korrels
haar spriete en blare
as jy weerloos verkeer
ontdek jy die trou
van jou suster
Vader Bonaventure Hinwood

Tyd vir oordenking – twee moontlikhede wat vir ’n tyd van nadenke gebruik kan word

1. ’n Paar voorstelle hoe ons ons spore kan verklein:
- **Spaar elektrisiteit** – skakel ligte af; trek die proppe van apparate uit
- **Installeer ’n sonverhittingstelsel** – verlaat die CO_2 voetspoor
- **Spaar water** – stort; maak aanpassings in jou tuin soos om meer inheemse en waterwys-plante te plant
- **Herwin**
- **Gebruik gif wat omgewingsvriendelik is** en nie sekondêre vergiftiging veroorsaak nie
- **Moenie onnodig ry nie** – probeer saamryklubs stig
- **Plant ’n inheemse boom** – die gemiddelde mens moet 16 bome in sy of haar leeftyd plant om die CO_2 wat hy of sy vrystel uit te skakel
- **Koop plaaslike produkte** met minder verpakkingsmateriaal
- **Begin ’n komposhoop of ’n erdwurmplaas**
- **Begin jou eie groentetuin**
- **Kry ’n stem** – word deel van belanggroepe
- **Kyk met ander oë na bome, blomme en voëls** – kweek ’n bewondering by jou kinders of kleinkinders vir die skepping.

2. Luister saam na Laurika Rauch se “Nuwe aarde”

Kyk hoe die vleiland van die mooiste Kaap vergaan
Daar waar die waterblomme staan

Nagmuis en sandslang leef in ingevoerde gras
Langs paaie waar daar lappe fynbos was

Koor:
As dit net voorspellings is
Glo ons dis nie waar
En met al ons foute kan die natuur homself bewaar
Ons kan elke ramp oorleef ons denke maak ons vry
Eendag sal ons iewers – weer ’n nuwe aarde kry

Sit maar die vullis uit, die lorries neem dit weg
Sproei kieme dood suiwer die lug
Kap uit die bome wat jou uitsig so bederf
Jy is mos baas op hierdie erf

Koor:
As dit net voorspellings is
Glo ons dis nie waar
En met al ons foute kan die natuur homself bewaar
Ons kan elke ramp oorleef ons denke maak ons vry
Eendag sal ons iewers – weer ’n nuwe aarde kry

Renoster, olifant en luiperd sal oorleef
Rooivlerk en swael sal weer sweef
Ons kry ons reën op tyd, die son skyn oor ons land
Die son wat al hoe feller begin brand

Koor:
As dit net voorspellings is
Glo ons dis nie waar
En met al ons foute kan die natuur homself bewaar
Ons kan elke ramp oorleef ons denke maak ons vry
Eendag sal ons iewers – weer ’n nuwe aarde kry

Slotlied: Liedboek 456:1-3 (“Loof, heel die skepping”)

Preekriglyne: Fouche de Wet
Liturgiese voorstelle: Fay van Eeden